BASIESE REKENINGKUNDIGE BEGINSELS – VRAE

VRAAG 1 (KIES DIE REGTE KONSEP)

Rekeningkunde	IFRS	Uitgawes	Bates	Ekwiteit
Bedryfsbates	Bedryfslaste	Laste	Kapitaal	Onttrekkings
Nie-bedryfslaste	Dubbel inskry-wingsbeginsel	Nie-bedryfsbates	Finansiële bates	Inkomste

Gebruik die bostaande terminologie om die regte woord in die sin te voltooi. Dieselfde woord kan meer as een keer gebruik word.

1. _____ bestaan uit die kapitaal plus wins minus onttrekkings.
2. Die _____ bestaan uit grond en geboue en toerusting.
3. Die _____ bestaan uit verbandlening.
4. _____ word gebruik om riglyne te gebruik om die finansiële state op so ‘n manier aan te bied dat dit bruikbaar is om besluitneming te verbeter.
5. Die _____ is ontwerp waarvolgens ‘n debiet inskrywing vir elke kredietinskrywing voltooi word.
6. _____ is die insameling van finansiële inligting om finansiële state op te stel vir besluitneming.
7. _____ is die geld of bates wat die eienaar vir die onderneming beskikbaar gestel het om die besigheid te finansier.
8. Die _____ is die bates wat die eienaar vir sy eie gebruik neem.
9. _____ verwys na die besittings van die onderneming wat toekomstige invloei van geld sal verseker.
10. _____ verwys na die skuld van die besigheid wat die besigheid verplig om te betaal.
11. Bank en voorraad word _____ genoem.
12. Krediteure en oortrokke bank word _____ genoem.
13. _____ vermeerder die wins van die onderneming.
14. _____ verminder die wins vandie odnerneming.
15. _____ bestaan uit vaste deposito’s en beleggings in ander onder ondernemings.

VRAAG 2 (PARING)

Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die korrekte letter van die alfabet op die antwoordblad van die brondokument wat gebruik word vir die transaksie.

1.	Finansiële state	A.	Dui aan hoe finansiële state opgestel moet word.
2.	Staat van omvattende inkomste	B.	Besittings van die besigheid wat in drie kategorieë verdeel word: vaste of tasbare bates, finansiële- en bedryfsbates

3.	Staat van finansiële posisie	C.	Die belang wat die eienaar in die onderneming het. Dit bestaan uit die geld beskikbaar gestel minus goedere of geld vir eie gebruik geneem.
4.	IFRS	D.	Uitgawe
5.	Luca Pacioli	E.	Inkomste
6.	Rekeningkunde	F.	Verwys na die skuld van die besigheid wat ‘n uitvloei van geld sal veroorsaak.
7.	Ekwiteit	G.	Nie-bedryfslas
8.	Onttrekkings	H.	Bedryfsbate
9.	Bates	I.	Finansiële bate
10.	Laste	J.	Bedryfslas
11.	Skryfbehoeftes	K.	Dit is soos die balansstaat, maar die benaming het volgens IFRS internasionaal verander.
12.	Verkope	L.	Word gebruik vir besluitneming.
13.	Lening wat oor vyf jaar terug betaal word.	M.	Dit is soos die inkomstestaat, maar die benaming het volgens IFRS internasionaal verander.
14.	Handelsvoorraad	N.	Het dubbel inskrywings-beginsel ontwerp.
15.	Toerusting en voertuie.	0.	Gebruik al die brondokumente om die transaksies in die rekeningkundige rekords aan te teken sodat finansiële state opgestel kan word.
16.	Rekeningkundige siklus	P.	Geld of bates wat aan die onderneming behoort wat die eienaar vir eie gebruik neem.
17.	Oortrokke bank	Q.	Nie-bedryfsbate
18.	Vaste deposito	R.	Stappe waarvolgens transaksies aangeteken word.

VRAAG 3 (KIES DIE REGTE KONSEP)

Bedryfsbates	Inkomste	Uitgawes	Bates	Ekwiteit
Staat van omvattende inkomste /Inkomstestaat	Staat van finansiële posisie /Balansstaat	International Financial Reporting Standards	Dubbel inskrywings beginsel	Onttrekkings
Finansiële resultaat	Nie-bedryfsbates	Finansiële posisie	Nie-bedryfslaste	Bedryfslaste
Laste	Eie kapitaal	Geleende kapitaal	Lening	Vaste deposito

Gebruik die bostaande terminologie om die regte woord in die sin te voltooi.

1. Waarvoor staan IFRS? _____
2. Die _____ is ontwerp waarvolgens ‘n debietinskrywing vir elke kredietinskrywing aangeteken word.
3. _____ word op die laaste dag van die finansiële jaar opgestel om die saldo’s op die laaste dag aan te teken om te bepaal wat die finansiële posisie van die onderneming is.

4. Die _____ word opgestel om te bepaal wat die wins of verlies vir die jaar is.
5. Skryfbehoeftes, telefoon en versekering is voorbeelde van _____.
6. Verkope en dienste gelewer is voorbeelde van _____.
7. Die elemente wat die _____ meet is bates, laste en ekwiteit en word in die balansstaat openbaar.
8. Elemente wat die _____ en winsgewendheid meet. Inkomste en uitgawes word in die inkomstestaat openbaar.
9. _____ se waarde sal oor ‘n tydperk langer as 12 maande in die toekoms verander.
10. _____ se waarde sal binne die volgende 12 maande verander.
11. _____ sal oor ’n tydperk langer as 12 maande in die toekoms betaal word.
12. _____ sal binne die volgende 12 maande betaal word.
13. _____ behoort aan die onderneming en sal ‘n invloei van geld in die toekoms veroorsaak.
14. _____ sal ‘n uitvloei van geld in die toekoms veroorsaak.
15. _____ bestaan uit die geld wat die eienaar in die onderneming het.
16. _____ is geld of bates wat die eienaar vir sy eie gebruik neem.
17. _____ word deur die eienaar finansier.
18. _____word geleen om die onderneming te finansier.
19. ‘n _____ word by die bank verkry om toerusting te koop.
20. ‘n _____ word by die bank belê om inkomste te verdien.

VRAAG 4 (PARING)

Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die korrekte simbool op die antwoordblad van die brondokument wat gebruik word vir die transaksie.

1.	International Financial Reporting Standards	A.	Voorraad, debiteure en geld sal binne die volgende jaar verander.
2.	Dubbel inskrywings beginsel	B.	Bates, laste en ekwiteit word in die balansstaat aangeteken om die finansiële posisie te openbaar.
3.	Staat van finansiële posisie/Balansstaat	C.	Grond en geboue, toerusting en voertuie word gekoop om vir langer as ‘n jaar in die toekoms in die onderneming te gebruik.
4.	Staat van omvattende inkomste/Inkomstestaat	D.	Die winsgewendheid, d.w.s wins of verlies word in die inkomstestaat openbaar.
5.	Uitgawes	E.	Oortrokke bank of krediteure wat binne die volgende twaalf maande betaal word.
6.	Inkomste	F.	Kontant wat gebruik word om klein bedrae te betaal.

7.	Finansiële posisie	G.	Geld in die kasregister om kleingeld beskikbaar te hê.
8.	Finansiële resultaat	H.	Die volgorde waarvolgens transaksies in die rekeningkundige rekords aangeteken word.
9.	Nie-bedryfsbates	I.	Verskaffers aan wie die onderneming geld skuld.
10.	Bedryfsbates	J.	Al die inkomstes en uitgawes word aangeteken om te bepaal wat die wins vir die jaar is.
11.	Nie-bedryfslaste	K.	EFO
12.	Bedryfslaste	L.	Persone wat geld aan die onderneming skuld.
13.	Wisselgeld	M.	Riglyne waarvolgens finansiële state opgestel word.
14.	Kleinkas	N.	Inkomste vermeerder die wins.
15.	Debiteur	0.	Die saldo's in die bate, laste en ekwiteit-rekeninge word op die laaste dag van die jaar gebruik om te bepaal of B = E + L
16.	Krediteur	P.	Uitgawes maak die wins minder.
17.	Rekeningkundige siklus	Q.	Gedeelte van die verbandlening of lening wat nie binne die volgende twaalf maande betaal word nie.
18.	Elektroniese fonds oorplasing	R.	Debietinskrywing in een rekening vir elke kredietinskrywing in 'n ander/kontra rekening.

VRAAG 5 (KIES DIE REGTE KONSEP)

Vul die korrekte woord in die kolomme in die vraag om die sin te voltooi. Dieselfde woord kan meer as een keer gebruik word.

Elektroniese fonds oorbetaling	Kwitansie	Uitgawes	Bankstaat	Kontantfaktuur
Kontantbeta-lingsjoernaal	Bankdepo-sitostrokie	Kasregisterrol	Kleinkas	Wisselgeld
Kontantontvang-stejoernaal	Kredietfaktuur uitgereik	Inkomste	Kredietfak-tuur ontvang	Kredietnota

1. 'n Duplikaat _____ word gebruik wanneer 'n debiteur sy uitstaande skuld betaal om die transaksie in die joernale aan te teken.
2. 'n _____ word gebruik vir dienste kontant gelewer.
3. 'n _____ word gedoen om 'n krediteur te betaal.
4. 'n _____ word gebruik om die transaksies in die kontantjoernale met die transaksies in die besigheid se rekening in die bank se boeke te vergelyk.
5. 'n _____ word gebruik om die kontant ontvang by die bank inbetaal.

6. Kleiner besighede wat nie ‘n kasregister gebruik nie, sal ‘n _____ uitreik vir kontantverkope.
7. Kontanttransaksies vir geld ontvang, word in die _____ aangeteken.
8. Kontanttransaksies vir geld betaal, word in die _____ aangeteken.
9. Skryfbehoeftes, versekering en elektrisiteit is voorbeelde van _____
10. Verkope en dienste gelewer is voorbeelde van _____
11. Geld wat in die besigheid gehou word om klein betalings kontant te maak, word _____ genoem.
12. Geld wat in die kasregister gehou word om kleingeld vir kliënte te gee, word _____ genoem.
13. ‘n _____ word gebruik wanneer goedere op skuld verkoop word.
14. ‘n _____ word gebruik wanneer goedere op skuld gekoop word.
15. ‘n _____ word gebruik wanneer goedere teruggestuur word na die verskaffer.

VRAAG 6 (PARING)

Pas kolom B by kolom A. Skryf slegs die korrekte simbool op die antwoordblad van die brondokument wat gebruik word vir die transaksie.

1.	Kwitansie	A.	Word gebruik vir kontantverkope as bewys dat die goedere betaal is.
2.	Kasregisterrol	B.	Word gebruik wanneer geld gedeponeer word as bewys dat die geld in die bank inbetaal is.
3.	Elektroniese fonds oorbetaling	C.	Alle geld ontvang word in die joernaal aangeteken.
4.	Bankstaat	D.	Alle geld uitbetaal word in die joernaal aangeteken.
5.	Bankdepositostrokie	E.	Kontant in besigheid om sekere klein uitgawes kontant te betaal.
6.	Kontantfaktuur	F.	Geld betaal vir dienste ontvang en verminder die wins.
7.	Kontantontvangstejoernaal	G.	Geld ontvang vir dienste gelewer of verkope en vermeerder die wins.
8.	Kontantbetalingsjoernaal	H.	Kontant in kasregister om genoeg kontant te hê om vir kleingeld te betaal.
9.	Uitgawes	I.	Word gebruik om geld elektronies aan mense of ander besighede te betaal.

10.	Inkomste	J.	‘n Opsomming van al die transaksies van die onderneming in die bank se boeke.
11.	Kleinkas	K.	Word gebruik as bewys dat die rekening betaal is.
12.	Wisselgeld	L.	Word gebruik vir kontantverkope en dienste kontant gelewer.

VRAAG 7 (PARING)

Paar (verbind) die terme in kolom B met die beskrywing in kolom A.

Skryf net die letter wat by elke nommer pas langsaan neer.

BESKRYWING	ANTWOORD		KONSEP
1. Uitgawes verminder die wins van die onderneming. Dit het dus ‘n negatiewe uitwerking op		A.	Diensonderneming
2. Opsomming van die banktransaksies wat die bank aan jou sal stuur.		B.	Kontantontvangstejoernaal
3. Geld wat die bank aan ‘n kliënt betaal omdat hulle geld by hulle belê, of geld wat aan die bank betaal word vir die geld van die bank geleen.		C.	Dubbelinskrywingsreël: vir elke debiet is daar ‘n ooreenstemmende krediet.
4. Word gebruik om vir goedere en dienste te betaal (plastiekkaart). Die geld word onmiddellik uit die kliënt se lopende of spaarrekening geneem.		D.	Winsopmerk
5. Hierdie rekeninge word volgens die rekeningkundige reëls meer aan die debietkant.		E.	Onttrekking
6. Geld wat na die bank geneem word en by hulle inbetaal word vir gerief en veilige bewaring.		F.	Verbandlening
7. Geld word uit die besigheid onttrek om die eienaar se kinders se skoolfonds te betaal.		G.	Bate- en uitgawerekeninge

8. Kom voor wanneer die kliënt meer geld uit sy bankrekening onttrek as wat werklik in die rekening is, sodat die kliënt geld aan die bank skuld.		H.	Ekwiteit
9. Die persentasie wat by die kosprys op die goedere wat ‘n onderneming verkoop getel word om ‘n wins te kan maak.		I.	Debietkaart
10. ‘n Onderneming wat ‘n diens aan sy kliënte lewer.		J.	Deposito
11. Alle kontantontvangstes word in die ..... aangeteken.		K.	Bankstaat
12. Elke transaksie word so aangeteken dat die Rekeningkundige vergelyking altyd in balans sal wees.		L.	Oortrokke bank
13. Die onderneming gaan ‘n lening aan om eiendom te koop.		M.	Rente